HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend**
**Julie 2011 : God het jou lief vir ewig, het jy Hom so lief ?**

# Voorspoed = liefde vir God?



**Jesaja 54:8,10 "Ek ontferm My oor jou met 'n liefde wat nooit vergaan nie, sê die Here...berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie."** Sjoe om te dink dat God my sò lief het! Mag jy as jy weer na die majestieuse berge kyk dink aan hierdie vers en besef dat God se liefde vir jou NOOIT sal verdwyn nie! Maar wat van my en jou? Die vraag word baie gevra of ons mooiweersvriende met God is en of ons Hom liefhet vir Wie Hy is? Soms kom 'n sekere boodskap so sterk deur die paar weke voor ek hierdie e-pos doen dat ek net gehoorsaam moet wees en dit deel! Ons kyk na **Job, Daniël se vriende en die arend** :

**1.**Ek dink baie van ons kan getuig van tye waar ons deur 'n **Job-ervaring** gegaan het. Lees saam in **Job1:9-11 "Toe antwoord die Satan die Here: "Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan. Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie."** Satan het Job se motiewe aangeval en wou bewys dat Job God aanbid het nie uit liefde nie, maar omdat hy so voorspoedig was en nie rede gehad het om teen God te draai nie. Soms volg mense God in tye van voorspoed maar die kunsmatige geloof verflou vinnig as omstandighede verswak..Dan moet ons juis ons geloof in God versterk om die storms te kan weerstaan. Diep gewortelde geloof in God het Job staande laat bly. Hoe diep strek jou geloof en liefde vir God - in voorspoed en in tye waar jy storms in jou lewe ervaar? **2. Daniël en sy vriende Daniël 3:17-18 "Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."** Drie vlakke word hier gesien: 1. Ons God is magtig, 2.en Hy **sal** ons red 3. Maar as nie (**nie nou of op die manier wat ek wil hê nie**, sal ek God **steeds** vertrou en liefhê) dis die soort geloof en liefde wat God soek van ons! Kom ons vra die Heilige Gees as ons Helper om ons toe te rus en krag te gee hiervoor.

**3.** Hierdie lees ek uit "The Word for today": "When you're in a situation when you've got more questions than answers, it takes faith to accept **Rom 8:28 "in everything God works for the good for those who love Him"** When you get too comfortable God stirs things up. The mother eagle teaches her little ones to fly by making their nest so uncomfortable that they're forced out of it..and they're pushed off the cliff's edge. Who and where you are at this moment in time has been divinely appointed.God in His wisdom knows that you need the challenge of certain situations to mature and stretch you." Hou vas aan die Here en wees lief vir Hom - Hy sal alles ten goede laat meewerk vir jou soos Romeine 8 vertel. Onthou **Jer 31:3** waar God sê: **"Ek het jou nog altyd liefgehad"** Hy **sal** sorg vir jou.





As ons God opreg liefhet nieteenstaande omstandighede sal ons ook honger en dors na Hom soos in **Psalm 42:2 "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God"** Die statige koedoe moet water hê om te oorleef, hy smag daarna. My gebed is dat die Here in ons harte dieselfde soort honger en dors na God en Sy teenwoordigheid in ons lewens sal skep!
So lief het God ons dat Hy sy seun Jesus vir ons gegee het om vir ons sondes te sterf...dit bly steeds te groot vir my mensllike begrip! Dankie Abba Vader

**Ons waardeer elkeen se gebede, finansiële bydrae, ondersteuning of omgee!Celeste Steinmann 082 322 5299**